Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-06-09

1 Kor. 13:1-13

Preektema:
God se kerk vergader ordelik om die liefde vir die waarheid

Inleiding:

- Seker sake kan bewys word.
    - Die lig is blou.
    - Vandag is Sondag.
    - Een plus een is twee.
- Ander sake is egter relatief.
    - Almal stem nie noodwendig daaroor saam nie, omdat ons verskillend daarna kyk of daaroor voel.
        - Sommiges hou van Mercedes en ander van BMW
        - Sommiges skree vir die Blou Bulle en ander vir die Leeus.
            - Hierdie persoonlike ervarings verskil van mens tot mens.
                - Ek is geregtig tot my opinie en vir jou dan ook dieselfde.
- Die gevaar is die feit dat baie dinge deur ons opinie gedryf word.
    - Dit sluit ongelukkig ook ons geloof in.
        - Sommiges hou daarvan om lofliedere saam te sing ander verkies stilgebed.
        - Sommiges verkies ‘n opgeruimde erediens en ander ‘n meer stigtelike erediens.
            - Hierin sien ons steeds dat eie opinies ‘n rol speel, en dit is nie verkeerd nie.
    - Waar die probleem egter inkom is wanneer ons eie opinies ‘n veel groter rol begin speel as wat geloof en die woord van die Here speel.
- Daarom word ons vanoggend vanuit die baie bekende 1 Korintiërs 13 herinner dat God se kerk vergader om die liefde vir die waarheid.
    - Ons fokus op drie belangrike feite.
        - Christus versamel sy kerk
        - God is ‘n God van orde
        - Bely jou liefde vir die waarheid

Christus versamel sy kerk

- In die eerste artikel van die kerkorde erken en bely ons dat die kerk waarvan ek en jy deel is, aan Jesus Christus behoort.
    - Dit is sy kerk.
    - Omdat ek en jy ook eiendom van Christus is, is ons dan ook as kerk eiendom van Christus.
        - Daarom behoort die kerk nie aan ‘n kerkraad, of predikant of die lidmate nie.
            - Dit is Christus se kerk.
- Paulus skryf die brief aan die gemeente in Korinte.
    - Die kerk is daar geplant ‘n rukkie vantevore.
        - Op Paulus se sendingreis het hy egter gehoor dat daar probleme was by hierdie gemeente.
- Wanneer hy die brief skryf om hierdie probleme aan te spreek, fokus hy veral op 5 kernprobleme in die gemeente.
    - In besonder spreek Paulus die probleem aan oor die samekomste van die gemeente in Korinte.
        - Hy spreek hulle nie aan oor bywoning of die gebou of die eredienstye nie, maar hy spreek elke mens se eie selfsug aan.
- Die eredienste is deur seker lidmate gekaap.
    - Sommiges beleef wonderlike geestelike belewenisse en op die ingewing van die oomblikke begin hulle in tale spreek, ander begin profeteer of preek en ander maak hulle dan stil om self ook spreekbeurt te kry.
    - In 1 Korintiërs 11-14 fokus Paulus dan spesifiek hoe hierdie samekomste moet lyk.
- Sy vertrekpunt – Christus is die fokusunt van die erediens.
    - Nie die gawes van mense nie.
    - Nie persoonlike belewenisse nie.
- Dit is die kerk van Christus daarom is dit net logies dat Hy dan ook die fokus moet wees in elke erediens.
    - Alles wat in die erediens gebeur moet vir ons duidelik wys na dit wat Christus gedoen het en wie Hy is.
        - Daarom verklaar ons ons afhanklikheid.
        - Daarom bely ons saam ons geloof.
        - Daarom luister ons na die wet van die Here.
        - Daarom word die Skrif verklaar en toegepas.
        - Daarom gee ons liefdegawes.
    - Nie een van hierdie oomblikke in die erediens moet die fokus op die mens plaas nie, maar op Jesus Christus.
- Die feit dat jy vanoggend hier sit, bevestig ook die feit dat Christus sy kerk versamel.
    - Hy het deur sy Gees ook die begeerte in jou hart opgewek om hier te wees.

        - Die feit dat jy hoor wat gepreek word en dit inneem getuig dat die Gees ook in jou werk om die woord waar en suiwer te hoor.
    - Daarom leer ons ook in 1 Korintiërs 13:6 dat die lewe nie die onreg verdra nie, maar die waarheid liefhet.
- Dit wat reg is moet seevier in die kerk van Christus.
    - Dit wat verkeerd is moet uitgeroei word om die kerk van Christus rein te hou.
        - Alles kan nie blindelings net gehandhaaf word nie.
            - Ja, die liefde verdra alles, maar dit beteken nie dat ons dit moet verdra wat ons duidelik weet verkeerd is nie.
            - Paulus maak dit verder in die brief baie duidelik in 1 Korintiërs 14:33 dat God ‘n God van orde is.

<u>God is ‘n God van orde</u>

- Die orde wat God eis, is nie dieselfde orde as wat mense instel nie.
    - God se orde vereis dat alles volgens sy wil, orde en doel geskied.
    - Dit sluit die erediens in.
        - Ons fokus is nie op die voorkeure en afkeure van mense nie, maar volgens die Skrif wat ons bron van waarheid is sodat ons God daardeur kan verheerlik en ons die eenheid in die kerk kan versterk.
- Is daar ‘n plek vir jou as gelowige om jou gawes te gebruik in die kerk van Christus?
    - Ja, die gebruik van gawes word nie beperk tot die predikant, orrelis, koster of klankspan nie.
    - Die gevaar in die gemeente in Korinte, is dat sekere gawes hoër geag is as ander.
- Ongewone tale en klanke en profesie word as indrukwekkend beskou.
    - Gelowiges wat hierdie gawes gehad het, het ‘n hoë dunk van hulleself gehad en die gevolg is dat hierdie gawes gebruik is om die mense te laat goed voel, in plaas daarvan om die kerk op te bou.
        - Profesie, tale en visoene was mensgedrewe in die Korinte gemeente.
    - Daarom lig Paulus dit uit dat hierdie gawes sal vergaan, maar dat die grootste van al hierdie gawes – die liefde – nooit sal vergaan nie.
- God se orde in sy kerk eis dat God sentraal staan.
    - Daarom moet ons gawes God verheerlik.
    - Ons gawes moet mekaar opbou.
    - Ons gawes moet hulle wat nie glo nie, nader trek in die geloof, in plaas daarvan dat ons hulle afskrik.

        - Ek en jy het daarom ook die verantwoordelik om alles wat ons in die erediens van die Here doen, te ondersoek.
            - Stem dit ooreen met die woord van God?
            - Bou dit die gemeente op?
            - Kweek dit eenheid tussen medegelowiges?
    - Al hierdie vrae sentreer rondom ons opdrag om die waarheid bo alles lief te hê.

<u>Wees lief vir die waarheid</u>

- Vanoggend het ons die voorreg om saam pinkster te kan vier.
    - Christus het sy Gees uitgestort sodat ons steeds God se teenwoordigheid kan beleef en getroos kan word totdat Christus terugkeer.
- Dit is juis deur die kragtige werking van die Heilige Gees dat ons die gawes ontvang om in die kerk diensbaar te wees.
    - Die Gees kweek in ons die liefde vir die waarheid.
        - As die Gees nie in ons werk nie, kan ons eerstens nie die waarheid verstaan nie, tweedens is daar vir ons dan geen liefde vir die waarheid nie, en derdens sal die waarheid verwerp word.
- Wanneer Paulus dan die liefde beskryf in 1 Kor. 13 gebruik hy die woord "*agape".*
    - Dit wys op onvoorwaardelike liefde.
        - Maak nie saak wat iemand doen nie, jy sal nogsteeds vir hom of haar lief wees.
    - Ons sondige natuur het gemaak dat geen mens op daardie wyse kan liefhê nie.
        - Dit is juis ons gebrek aan onvoorwaardelike liefde, wat veroorsaak dat die eie ek dikwels op die voorgrond staan wanneer ek my gawes gebruik in die kerk.
- Deur die Gees beleef ons iets van die onvoorwaardelike liefde wanneer ek my gawes reg gebruik.
    - Nie vir myself nie.
    - Tot eer van God.
    - Tot uitbou van die kerk.
- Dit dien nie net as ons maatstaf vir die liefde nie, maar ook vir die waarheid.
    - Het ek die woord van God suiwer gehoor?
    - Dien die woordverkondiging tot opbou van God?
    - Word ek as gelowige werklik versterk in my kennis en verstaan van God?

        - As ek hierop kan ja antwoord, dan het ek geen verskoning om agteroor te sit nie, maar dan kan en moet ek my liefde vir die waarheid daarbuite uitleef.
            - Nie sodat ek beter oor myself kan voel of sodat ek ‘n kragtige getuienis kan uitleef nie, maar sodat ek ander kan wys na God wat ons onvoorwaardelik liefhet.

<u>Slot</u>

- Meer as 2000 jaar later en die kerk van die Here het versprei tot byna regoor die wêreld.
    - Tog sien ons dikwels dat belewenisse en die eie ek die maatstaf word vir geloof.
        - Jy moet lewe spreek.
        - Wat kan God vir jou doen?
        - Beveel God om vir jou rykdom en voorspoed te gee.
        - As jy nie in tale kan praat nie, is jy ‘n substandaard gelowige.
    - Niks hiervan is die waarheid nie, want dit mis die doel van die gawes wat God gee.
- Jy ontvang nie gawes van die Gees sodat jy kan goed voel nie, maar sodat Christus se kerk, sy eiendom, deur die gawes wat Hy gee, opgebou en uitgebou word.
- Die goeie nuus is dat die fokus nie op jou val nie.
    - Jy moet nie die wêreld red nie.
    - Die wêreld is nie afhanklik van jou getuienis nie.
    - Maar die hele wêreld moet hoor dat die goeie nuus is, dat God deur sy Gees gawes aan die kerk gee sodat sy naam groot gemaak kan word.